Wys my die weg, Here

# "Bob the builder: Can he fix it?"

## Bybelteks

*Toe vra die koning vir my: "Wat is dit wat jy wil hê?" Ek het tot die God van die hemel gebid en vir die koning gesê: "As die koning dit goedvind, ... moet u my na Juda stuur, na die stad van my voorouers se grafte, sodat ek dit kan herbou." ... Die koning het dit goedgevind en my laat gaan.*

**– Nehemia 2:4-6**

## Kernwaarheid

**God se droom vir die wêreld is groter as enige planne wat ons het.**

### WELKOM

- Was dit vir jou groep maklik of moeilik om 'n toring met die glasies te bou? Hoekom sê jy so?
- Het julle goed saamgewerk?

### WONDER

- Nehemia was bang voordat hy met die koning gepraat het. Hoe tree hy op te midde van sy vrees?
- Moes jy al ooit iets soortgelyks doen? Verduidelik jou antwoord.

- Hoe bemoedig Nehemia se voorbeeld van geloof jou in 'n oomblik van vrees?

- Ons lees dat God die koning se gesindheid teenoor Nehemia beïnvloed het. Het God al ooit een van jou gebede op 'n verrassende manier geantwoord?

- Nehemia het nie die muur net ter wille van homself herbou nie. Hoe laat die teksgedeelte jou anders dink (of jou gedagtes bevestig) rondom jou rol in die geloofsgemeenskap?

## WEES

Wat het jy op jou "bakstene" geskryf?

## WEGSTUUR

Kies een van die "bakstene" om saam met jou huis toe te neem. Let hierdie week op hoe jy die groep se identiteit in ander ruimtes uitleef.